## AFDELING B: KORTVERHALE

### VRAAG 2: *LUGSPIEËLINGS* – Myicelie Pienaar

### VERHAAL A: "DIE PRENTJIESMAKER" – PJ du Plessis

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.1.1 | • Die Franse vrou<br>• Die vrou van Parys<br>• Die vrou van die kunsgalery<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 2.1.2 | (By) Ubombo/Mthemba-hulle se stat/dorp/blyplek | 1 |
| 2.1.3 | Die laaste prent ...<br>• was nie vrolik nie.<br>• het nie Umobo se liefde vir die lewe gewys nie.<br>• was nie mooi nie.<br>• was aaklig/lelik.<br>• het deurmekaar gelyk.<br>• was net 'n klomp (onherkenbare) vorms en lyne.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 2.1.4 | • Dit het begin reën.<br>• Die eerste reëndruppels het geval.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.2.1 | bly | 1 |
| 2.2.2 | bekommerd | 1 |
| 2.3 | B/mense baie verbaas sou wees oor die goeie skildery. | 1 |
| 2.4.1 | C/Ubombo was hartseer oor sy mense se swaarkry oor die reën wat weggebly het. | 1 |
| 2.4.2 | E/Die vrou wat gevee het, was bang Ubombo se skildery voorspel dat iets sleg gaan gebeur. | 1 |
| 2.4.3 | D/Mthemba was bang die Franse mense sou dink Ubombo is mal. | 1 |
| 2.4.4 | A/Die Franse vrou het groot respek vir Ubombo se kuns gehad. | 1 |
| 2.5 | Engels | 1 |
| 2.6 | • Ubombo het teruggegaan na sy hut toe sonder om sy verfgoed te bêre.<br>• Mthemba het eerste na Ubombo se laaste skildery gaan kyk.<br>• Die Franse egpaar het Ubombo se laaste skildery in hulle motor gelaai.<br>• Dit het na 'n lang tyd weer gereën.<br>*(Die kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |



-EPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.7 | • Dit was reg om te betaal vir Ubombo se skildery.<br>• Die skildery was die produk van Ubombo se talent.<br>• Die egpaar kon nie die skildery verniet kry nie.<br>• Die geld kon Ubombo se mense help.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.8 | Die Franse vrou ...<br>• was onsensitief/het net aan haar eie gemak gedink.<br>• het nie verstaan wat die reën vir Ubombo se mense beteken het nie.<br>• het nie verstaan dat die mense die reën baie nodig gehad het nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.9 | Ek leer dat ...<br>• mense nie dieselfde oor dinge dink nie.<br>• mense se idees verskil.<br>• party mense gedink het Ubombo se laaste skildery was lelik, terwyl ander gedink het dit was baie goeie kuns.<br>• party mense bly was oor die reën, terwyl ander ontevrede was.<br>• daar plek moet wees vir verskille/mense mekaar nie moet oordeel as hulle van mekaar verskil nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.10 | • In die slot kry Ubombo erkenning vir sy kuns.<br>• Ubombo was die prentjiesmaker en sy dood sluit sy storie af.<br>• Ubombo se dood en die einde van die droogte gebeur op dieselfde tyd.<br>• Die natuur treur ook oor Ubombo se dood.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**VERHAAL B: "AG NEE DANKIE MAN, OUPA!" – H du Plessis**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.11.1 | Ben | 1 |
| 2.11.2 | plaas | 1 |
| 2.11.3 | kleinseun | 1 |
| 2.11.4 | papiere | 1 |
| 2.12 | Ouma was hartseer/het gehuil.<br>*(Of soortgelyk)* | 1 |
| 2.13 | Hulle het ...<br>• saam bakkie gery.<br>• trekker bestuur.<br>• gaan visvang.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 2.14 | 'n vergelyking | 1 |
| 2.15 | D/verbaas | 1 |



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE

| | | |
|---|---|---|
| 2.16 | Kallie wou vinnig wegkom, want hy was ...<br>• skaam oor wat sy oupa besig was om te doen.<br>• ongelukkig oor wat sy oupa gedoen het.<br>• bang sy oupa sien hom.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.17.1 | D/Kallie was bly dat sy vriende nog nie sy oupa ontmoet het nie. | 1 |
| 2.17.2 | C/Kallie was kwaad vir sy oupa, want sy ouma lyk nog goed en maak lekker kos. | 1 |
| 2.17.3 | A/Kallie se ma het gevoel dat Ouma verneder word. | 1 |
| 2.17.4 | E/Kallie het oor sy oupa en ouma gehuil. | 1 |
| 2.18 | • Oupa was getroud/het 'n vrou gehad.<br>• Oupa was baie ouer as die jong meisie.<br>• Oupa was selfsugtig/het nie daaraan gedink dat hy Ouma en die res van die familie seermaak/teleurstel nie.<br>• Oupa moes 'n goeie voorbeeld stel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.19 | • Kallie het geweet sy oupa is nie siek nie/het nie nodig gehad om hom meer oor sy oupa te bekommer nie.<br>• Kallie het nou verstaan waarom sy ouma hartseer was/gehuil het.<br>• Kallie was nie meer kwaad vir Ouma en ander wat nie vir hom die waarheid wou vertel nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.20 | Kallie se pa het ...<br>• gesê almal maak foute.<br>• gevoel dat hulle vir Oupa 'n tweede kans moes gee.<br>• mooi met Kallie se ma gepraat/Kallie se ma probeer kalmeer.<br>• probeer om Kallie aan ander dinge te laat dink/gesê Kallie moet gaan fliek.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.21.1 | ongelukkig | 1 |
| 2.21.2 | goedkeur wat sy oupa doen nie | 1 |
| 2.22 | Die skrywer...<br>• vertel hoe Kallie nie kon glo wat hy in die restaurant gesien het nie.<br>• beklemtoon dat Kallie hartseer was/gehuil het oor wat sy oupa gedoen het.<br>• fokus baie op Ouma se hartseer.<br>• sluit die storie af waar Kallie besluit om nie saam met sy oupa te gaan visvang nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| | |
|---|---|
| **TOTAAL AFDELING B:** | **40** |
| **GROOTTOTAAL:** | **40** |

SB RB

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE

Kopiereg voorbehou